# Hoërskool Transvalia

60

1958 - 2018

Tel: (016) 932-1155/6
Finansies: (016) 932-1176
Faks: (016) 932-5252
E-Pos: valia@hstransvalia.co.za
Webblad: www.hstransvalia.co.za

Posbus 12012
LUMIER
1905
H/v Schumann & Bach str.
Vanderbijlpark S.W. 5

Verwysing: ..........................................

13/10/2022

**OUER-OMSENDBRIEF NO 7 VAN 2022**
Geagte Ouer/ Voog

## MATRIEKBRAAI EN KLOKSEREMONIE

Die Matriekbraai en klokseremonie vind plaas op Vrydag 21 Oktober 2022 nadat die graad 12 leerlinge in die saal vergader het en hul die laaste reëlings en formele individuele eksamenrooster vir die eindeksamen ontvang het.

### MATRIEKEINDEKSAMEN

Die Matriekeindeksamen begin 25 Oktober 2022. Aangeheg is die eksamenrooster vir matrikulante. Let asb daarop dat die Kuns Prakties finale eksamen 17 – 21 Oktober 2022 sal wees. (Ma – Do 9:00 tot 14:00 en Vry 9:00 tot 13:00)

**BAIE BELANGRIK:** ID dokumente en persoonlike rooster **MOET** elke dag in leerder se besit wees gedurende die eksamen.

### MATRIEKEREDIENS

Die jaarlikse Matriekerediens vind plaas op Woensdag 26 Oktober te Kompasgemeente om 18:00. Graad 12 leerlinge ontvang hul rapporte na afloop van die erediens in die voorportaal.

### PRYSUITDELING

Die prysuitdeling vind plaas op Donderdag 27 Oktober 2022 vir graad 8 – 12 leerlinge. Leerlinge wat toekennings gaan ontvang sal uitnodigings kry.

## EINDEKSAMEN

Die eindeksamen vir graad 8 en graad 9 leerlinge begin Maandag 31 Oktober 2022. Graad 8 en 9 leerlinge het dus vol skool tot Vrydag 28 Oktober 2022.

Die eindeksamen vir graad 10 en 11 leerlinge begin Donderdag 27 Oktober 2022. Graad 10 en 11 leerlinge het dus vol skool tot Woensdag 26 Oktober 2022.

Vind aangeheg volledige eksamenrooster.



5563 ONS Print: 0861 667 123

**AFWESIGHEDE**

Let wel dat **ALLE** afwesighede moet vergesel word van 'n doktersbrief/hofbevel indien 'n leerder 'n eksamen mis. Dit moet op die dag wat die vak geskryf word per e-pos gestuur word na hokkie@hstransvalia.co.za asook admin@hstransvalia.co.za . Indien die skool nie 'n amptelike dokument ontvang nie, sal die leerder 0 kry vir die spesifieke vak.

**UITTEKEN**

E-posse vir uitteken moet gestuur word aan ontvangs@hstransvalia.co.za om te verseker dat daar nie vertragings met die proses is nie.

**NETBAL**

Baie geluk aan ons o/15 Fast 5 span wat in die vakansie kragte gemeet het teen skole regoor die land by die Suid-Afrikaanse kampioenskappe en uiteindelik 6de geëindig het. Ons is baie trots op hulle en die besonderse netbaljaar wat hulle beleef het.

Die dogters wat deel gevorm het van hierdie span:
Abigail Coetzee, Anzel Visagie, Carla van Schalkwyk, Dudu Malindi, Elri van Staden, Micah Labuschagne, Mieke Grobler, Milan Strydom.
Afrigters: Mej. A. Besuidenhout en Me. A. Hartman

Valia groete

**JR VENSKE**
Hoof